

Inleidende Opmerkings

Hierdie bundel is 'n poging om 'n Afrikaanse Vertaling van die Skrif daar te stel wat so ver as moontlik voldoen aan die vereiste wat in Devariem (Deuteronomium) 4:2; 12:32; Mieshleh (Spreuke) 30:6 en Openbaring 22:18-19 neergelê word. Hierdie vereiste bepaal dat daar niks by die woorde en opdragte van die Almagtige bygevoeg of daarvan weggelaat mag word nie. Alhoewel meeste erkende vertalings van die Skrif groot erns met hierdie vereiste maak, is daar na ons wete niks in Afrikaans beskikbaar wat volledig – ook wat betref die gebruik van eiename en veral die Name van die Vader en die Seun – aan hierdie vereiste uitdrukking gee nie. Dit is ons bede dat die bundel, **Woord en Getuienis**, hierdie leemte sal vul.

Waarom noem ons die bundel **Woord en Getuienis** en nie “Die Bybel” of “Die Skrif” soos ander vertalings van die geopenbaarde Skrifte nie? Die feite is dat daar nêrens in die geopenbaarde Skrifte enige naam aangedui word wat as versamelnaam vir beide Voor-Messiaanse en Na-Messiaanse Skrifte gebruik is nie. Dit is algemeen bekend dat die “Skrif” of “Bybel”, bestaande uit 66 boeke, waarvan 39 voor die koms van die Messias tot stand gekom het en 27 na die koms van die Messias, eers teen ongeveer die vyfde eeu na Messias as sodanig erken is. In gevalle waar die Na-Messiaanse boeke en briewe na “die Skrif” of “die Skrifte” of “die Geskifte” verwys, is dit slegs 'n verwysing na die Voor-Messiaanse Skrifte – die enigste van die uiteindelijke somtotaal van geskifte wat op daardie vroeë stadium in geskrewe vorm beskikbaar was.

Die benaming **Woord en Getuienis** is gebaseer op die manier waarop daar in die Voor-Messiaanse boek, YeshaYahu (Jesaja), en die Na-Messiaanse boek, Openbaring, verwys word na die woorde van die Almagtige, soos Hy dit deur sy boodskappers (en sy Seun) aan sy verbondsvolk bekendgemaak het. In YeshaYahu / Jesaja 8:16 staan daar: “Bind die **getuienis** toe, verseël die **wet** in die hart van my leerlinge.” In aansluiting hierby kom die oproep in vers 20: “Tot die **wet** en tot die **getuienis**! As hulle nie praat ooreenkomstig hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen daglik het nie.” Opvallend is die gebruik van “wet” en “getuienis” in beide hierdie twee verse in YeshaYahu (Jesaja), hoofstuk 8.

In die Na-Messiaanse boek van Openbaring kom dieselfde kombinasie van “wet” en “getuienis” of “woord” en “getuienis” nie minder nie as sewe keer voor – vgl. 1:2; 1:9; 6:9; 12:17; 14:12; 15:2-3 en 20:4. Hier kom dit duidelik na vore dat die “wet” of “woord” van Elohiem dui op die Voor-Messiaanse Skrifte, terwyl die “getuienis” dui op die Getuienis van (en oor) die Messias. Openbaring 20:4 kan as voorbeeld gebruik word: “En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die **getuienis** van Yahshua en oor die **woord** van Elohiem...en hulle het herleef en as konings geregeer saam met Messias die duisend jaar lank.”

Behalwe die herstel van die Name van die Vader en die Seun, het ons met hierdie vertaling ook gepoog om alle **eiename** (name van persone, volkere, berge, riviere en plekke) so na as moontlik aan die oorspronklike eiename te herstel. Hierdie name sal vir die meeste lesers vreemd op die oor val, maar sal hopelik daartoe bydra dat tradisie-gebaseerde veranderinge wat met meeste ander vertalings ingesluip het, uit die weg geruim word. Om verwarring te probeer voorkom wat met Afrikaanse

uitspraak te make het, het ons die volgende algemene riglyn gebruik by die transliterasie van eiename:

In alle eiename moet “**Y**” as “j” (soos in Jasper) uitgespreek word en nie as “j” (soos in James) nie; “**Gh**” moet as “gh” (soos in Gary) uitgespreek word en nie as “g” (soos in Gert) nie; “**Sh**” moet as “sj” (soos in Shaun) uitgespreek word en nie as “s” (soos in Sara) nie; “**Ts**” moet as “ts” (soos in Tsaar) uitgespreek word en nie as “s” (soos in Sarie) nie; “**Z**” moet as “z” (soos in Zoeloe) uitgespreek word en nie as “s” (soos in Sedom) nie; “**G**” moet as “g” (soos in Griet) uitgespreek word en nie as “gh” of “h” nie; “**V**” moet as “w” (soos in Venda) uitgespreek word en nie “v” (soos in Venter) nie; “**W**” moet as “wh” (soos in West) uitgespreek word en nie “w” (soos in Willie) nie.

Waar Hebreuse eiename ’n sg. “keelklank-letter” in die middel van die woord bevat, wat nie hoorbaar uitgespreek kan word nie, het ons ’n “ ’ ” teken gebruik om aan te dui dat die letters aan weerskante nie ’n ononderbroke eenheid vorm nie. “Kenaán” moet dus as “Kena-An” uitgespreek word en nie as “Kanaan” nie.

Met die volgorde en indeling van die boeke van die Voor-Messiaanse geskrifte (of Tanak) is daar gepoog om eersyds die drieledige onderskeid tussen **Torah**, Profete (of **Neviim**, bestaande uit Vroeëre Profete, Latere Profete en Kleiner Profete) en Geskrifte (of **Ketuvim**) te handhaaf, maar andersyds so na as moontlik te bly aan die volgorde soos dit aan meeste lesers bekend is. Omdat die Na-Messiaanse boeke ’n verskeidenheid van genres (soos evangelies, briewe en openbaringsgeskrifte) verteenwoordig, word daar na hierdie versameling van boeke kortweg as **Na-Messiaanse Skrifte** verwys, wat nie verwar moet word nie met die **Geskrifte** (of Ketuvim) wat die derde deel van die Voor-Messiaanse boeke (of Tanak) verteenwoordig. Die vers- en hoofstuknumering van Woord en Getuienis stem in hoofsaak ooreen met die numering wat in meeste Bybels aangetref word, maar in sommige gevalle, waar daar numeringsverskille in sommige van die brondokumente voorkom, word ’n patroon in hierdie bundel gevolg waarvolgens die alternatiewe numering in hakies geplaas word.

Die Naam van die Vader, wat in die oorspronklike Hebreuse teks met die letters YHWH (bekend as die Tetragrammaton) weergegee word, word deurgaans met “**Yahweh**” getransliterer. Ons verkies die uitspraak “Yahweh” bo “Jehovah”, omdat daar geen “j” klank (soos in Jack) in Hebreus bestaan nie en omdat die klinker-kombinasie van e-o-a in “Jehovah” ’n Masoretiese inisiatief van ongeveer 500 na Messias was, in ’n poging om die werklike Naam van die Vader te verberg. Ons verkies ook die uitspraak “Yahweh” (“w” uitgespreek as “wh”, soos in “where”) bo “Yahveh” (“v” uitgespreek as “w”, soos in “werk”), omdat laasgenoemde uitspraak gebaseer is op ’n relatief onlangse tendens in Hebreus om die letter “waw” (wat soms ’n “wh” en soms ’n “oe” kan wees) soos die letter “bet” (wat soms ’n “b” en soms ’n “w” kan wees) uit te spreek. Verder verkies ons “Yahweh” bo “Yahuweh” of “Yahueh” of “Yahuah”, want daar is goedgedokumenteerde historiese bewyse daarvoor dat die klemtoon in die uitspraak van Naam van die Vader in die laaste deel van die woord lê en dat hierdie laaste deel ’n “ê” klank het (soos in lê) en nie ’n “a” klank (soos in “pa”) of ’n “e” klank (soos in “te”) nie. Die “W” van die Tetragrammaton, wat tussen die “a” klank in die eerste deel van die woord en die “ê” klank in die laaste deel van die woord staan, verkry op hierdie manier byna vanself ’n “oe” klank en ’n mens kan verstaan waarom hierdie letter in die vroegste tye beide as “wh” en as “oe” uitgespreek is.

Die Naam van die Seun wat in die beskikbare Griekse manuskripte as “Jesus” weergegee word en in die meeste vertalings met “Jesus” getransliterer word, word ook deurgaans in hierdie bundel as “**Yahshua**” weergegee. Die feite is dat die Messias ’n gebore Yiesraëliet was, Yehudiese ouers gehad het en tot die stam van Yehudah gereken is. Die boodskapper van Yahweh wat die Naam van die Messias aan sy aardse ouers bekend gemaak het, het die keuse van hierdie betrokke Naam gemotiveer deur te sê dat dit Hy is wat sy volk van hulle sondes sal verlos (vgl. Matt. 1:21). Hierdie uitspraak sluit aan by die Voor-Messiaanse boodskap dat **Yahweh** die een is wat sy volk van hulle sondes sal verlos (vgl. YeshaYahu / Jesaja 44:1; 47:4; 48:17; 49:7; 54:5; 59:20; 63:16; ens). Hierdie betekenis van die Messias se Naam (naamlik “**Yahweh is verlossing**”) word geensins deur die woord “Jesus” gereflekteer nie. Daar is by verreweg die meeste Skrifkenners geen twyfel oor die feit dat die Messias se naam nooit “Jesus” was nie en dat sy eie mense Hom nooit so genoem het nie. Handeling 26:14-15 toon duidelik aan dat die Messias self sy Naam in die Ievritiese taal aan Shaúl (Paulus) bekend gemaak het. Hierdie Naam word egter nie in die Griekse teks weergegee nie – enersyds omdat die Griekse teks eers teen ongeveer 300 n. M. tot stand gekom het en deur baie faktore beïnvloed is en andersyds omdat die Griekse taal sekere Hebreeuse woorde eenvoudig nie korrek kan weergee nie.

Ons verkies die Naam “Yahshua” bo “Yeshua” omdat laasgenoemde vorm na alle waarskynlikheid ’n latere poging was om die Naam van die Allerhoogste, wat sonder twyfel deel uitgemaak het van die oorspronklike Naam van die Messias, te verberg. Hierdie tendens kan gesien word in die feit dat die name van die hoëpriester, “Yahushua” (vgl. ZegarYah / Sagaria 3:1) en die opvolger van Mosheh met dieselfde naam (vgl. o.m. Devariem / Deut. 34:9), in die latere, na-ballingskapse geskrifte as “Yeshua” weergegee word (vgl. 2 en NegemYah / Nehemia 8:17, waar die alternatiewe spelling duidelik in die Hebreeuse teks gesien kan word). Alhoewel dit taalkundig nie “verkeerd” sou wees om die Naam van die Messias as “**Yahushua**” weer te gee nie, verkies ons die vorm **Yahshua**, om die volgende redes: (1) In die lied van Mosheh na die deurslaggewende deurtog deur die Rooisee (Shemot / Eksodus 15:2), wat in die Na-Messiaanse Geskrifte met die Messias in verband gebring word (vgl. 1 Kor. 10), is daar ’n verwysing wat heel moontlik bedoel is as ’n Voor-Messiaanse verwysing na die Messias: “**Yah** is my krag en my psalm, en Hy het my tot verlossing [**yeshua**] geword” (dieselfde kombinasie kom voor in Tehielliem / Psalm 118:14 en YeshaYahu / Jesaja 12:2). In die res van die Tanak is daar ongeveer 45 plekke waar die verkorte vorm “Yah” as Naam vir die Vader gebruik word – onder andere as deel van die bekende kombinasie “Hallelu-Yah”. (2) Die feit dat daar genoegsame historiese dokumentasie bestaan dat die Naam van die Vader in die vroegste tye spesifiek as “Yahweh” uitgespreek is, en dikwels tot Yah verkort is, dui baie sterk op die ooreenstemmende “Yahshua” as Naam vir die Seun, wat self uitdruklik verklaar het dat Hy in die Naam van sy Vader gekom het (Yahuganan / Johannes 5:43) en die Naam van sy Vader aan die wêreld geopenbaar het (Yahuganan / Johannes 17:6). (3) Die Griekse transliterasie van die Naam van die Messias wat in die beskikbare Griekse manuskripte voorkom, kom neer op die vorm “Iésous”. Indien die Messias tydens sy aardse bediening as “Yahushua” bekend gestaan het, is dit baie moeilik om te verklaar waarom daar geen “u” (“oe”) klank in die eerste deel van die Griekse transliterasie voorkom nie, ten spyte van die feit dat die Griekse taal wel oor so ’n letter beskik.

Die feit dat daar talle voorbeelde in die Voor-Messiaanse Skrifte voorkom waar dieselfde kombinasie-naam soms met 'n “-Yahu”, en soms met 'n “-Yah” eindig, is 'n goeie aanduiding dat dit moontlik 'n algemene reël was dat “Yah” en “Yahu” as wisselvorme in name gebruik kon word. 'n Paar voorbeelde van hierdie tendens is die vorme YermeYah (1 Divre Hayamiem / 1 Kronieke 12:10) en YermeYahu (1 Divre Hayamiem / 1 Kronieke 12:13); AmatsYahu (1 Divre Hayamiem / 1 Kronieke 3:12) en AmatsYah (1 Divre Hayamiem / 1 Kronieke 4:34); BenaYah (1 Divre Hayamiem / 1 Kronieke 11:22) en BenaYahu (1 Divre Hayamiem / 1 Kronieke 11:24). Wanneer dit kom by name waar “Yah-” of “Yahu-” in die eerste deel van die naam voorkom, is dit helaas nie so maklik om 'n algemene reël neer te lê of op te spoor nie. Dit is duidelik dat latere oorskrywers van die Voor-Messiaanse Skrifte die “Yah-” of “Yahu-” voorvoegsel in meeste name met “Yo-” vervang het. Dit het onder meer gebeur in name soos Yahuganan of Yahganan (Yoganan); Yahuél of Yahél (Yoël); Yahushafat of Yahshafat (Yoshafat) en uiteindelik ook met Yahushua of Yahshua (Yoshua, wat later Joshua geword het).

Die Griekse teks van die Na-Messiaanse Skrifte het geen poging aangewend om die Naam van die Vader (Yahweh), wat sonder enige twyfel deur die Messias en sy volgelinge gebruik is, te transliteer nie. Hierdie teks “vertaal” eenvoudig die Vader se Naam as “**kurios**” (die Griekse vertaling van die Hebreeuse “adonai”, wat “meester” of “eienaar” beteken) of as “**theos**” (die Griekse vertaling van die Hebreeuse “elohiem” of “eloha”, wat “magtige een” beteken). Dit is duidelik dat beide hierdie twee woorde op vele plekke in die Na-Messiaanse Skrifte eintlik as plaasvervangers vir “Yahweh” gebruik word. Daar is egter geen manier om bo alle twyfel te weet in watter gevalle “theos” werklik 'n **vertaling** (of ekwivalent) van “Elohiem” is en in watter gevalle dit 'n **plaasvervanger** van “Yahweh” is nie. In die lig hiervan word “theos” in hierdie bundel deurgaans met “Elohiem” weergegee, behalwe waar dit deel vorm van 'n aanhaling uit Voor-Messiaanse Skrifte waarin die Naam “Yahweh” duidelik voorkom.

Daar is gepoog om, beide wat die Voor-Messiaanse en Na-Messiaanse Skrifte betref, 'n vertaling weer te gee wat rekening hou met die jongste en mees betroubare navorsing op die terrein van Skrifvertaling. In die geval van tekste waarvoor daar meer as een teks variasies bestaan, is die keuse van watter manuskrip om as bron te gebruik, bepaal deur faktore wat met die konteks sowel as die breë konsensus van die moderne tekskritiek te make het. Daar is 'n doelbewuste poging met hierdie bundel aangewend om die vertaling so ver as moontlik van enige vooropgesette teologiese idees of dogmatiese formules te “bevry”. Die enigste manier om dit met 'n vertaling reg te kry, is om die vertaalde teks so letterlik en so objektief as moontlik weer te gee en ons glo dat Woord en Getuienis tot 'n baie groot mate aan hierdie vereiste voldoen.

Hierdie vertaling is in die eerste plek gebaseer op die mees oorspronklike (Hebreeuse, Aramese en Griekse) grondtekste beskikbaar, maar daar is tot 'n baie groot mate gesteun op bestaande vertalings soos die Afrikaanse Vertaling van 1933, die “King James” Vertaling van 1769 en die vertaling van “The Scriptures” van 1998. Ons wil langs hierdie weg erkenning verleen en ons dankbaarheid betuig vir die werk van onskatbare waarde wat deur die vertalers van hierdie (en ander) vertalings gedoen is. Dit is ons gebed dat **WOORD EN GETUIENIS** daartoe sal bydra dat Afrikaanssprekende gelowiges wie se erns dit is om hulle te verdiep in die onvervalste melk van die Woord (1 Kefa 2:2 / 1 Petrus 2:2), in hulle geloof opgebou en versterk sal word.